Annelie Ferreira

# EENMAAL IETS DAPPERS

Pyramid-Uitgewers, 2000, 112 pp. R64-95.

Met die woord vooraf neem die outeur 'n vertrekpunt in wat beslis dapper is. Sy beweer dat mense intens bewus is van die onpeilbaarheid van daardie wonderlike kragtige en misterieuse mag wat hulle soms "god" noem en

soms iets anders. Hulle weet dat daardie mag so groot is dat dit nooit volkome binne 'n enkele godsdiens omskryf kan word nie.

Die outeur se motivering om die boek te skryf val dadelik op: haar frustrasie en magteloosheid met die Afrikaanse kerke (veral die NG Kerk) en omdat sy glo mense is spirituele wesens.

Met die verdere lees van die boek wil dit voorkom asof dit nog 'n poging is wat deesdae hoog mode geword het — om alle godsdienste gelyk te stel en die uniekheid van die Christelike godsdiens te ontken. Deurgaans probeer die outeur 'n lansie vir die New Age beweging breek.

Die boek is in 'n gemaklike styl geskryf. Wat wel hinder, is die feit dat daar nie 'n logiese opeenvolging van die hoofstukke is nie. Soos dit in haar gedagtes opkom, word die hoofstukke aanmekaar geflans.

Op die keper beskou bevat die boek positiewe en negatiewe punte. Dit is duidelik uit die outeur se standpunt dat sy die emosies verwoord van soekende mense wat deur die tradisionele standpunte van die Afrikaanse kerke geskok en seergemaak is. Vir my voel dit egter na 'n hewige oorreaksie. Growwe veralgemenings, simplistiese voorstelle en die akkommodering van elkeen se standpunt word bepleit. Dit wil voorkom asof ek as Christen nie meer durf verskil van ander standpunte nie.

Die boek bevat egter ook heelwat pluspunte. Hierdie is 'n opregte poging om 'n eietydse etiek daar te stel. Die boek pleit vir meer begrip, minder veroordeling van mekaar se standpunte en oorvereenvoudigings. Die kritiek wat uitgespreek word oor die oordrewe klem op sonde en die liefdelose optrede van die sommige kerke stem tot nadenke.

In die algemeen is dit nie 'n boek wat tot groot nadenke stem nie. Tipies postmodernisties word die reg van die individu om self te besluit oor sake, soos aborsie op aanvraag en seks buite die huwelik, verhef tot norm.

Dr D F van Tonder